

‘Het leven van teksten’: vertaling as interkulturele mediasie en identiteitsoordrag tussen Afrikaans en Nederlands

Dat identiteit sowel ’n samebindende as ’n onderskeidende kenmerk is, lewer in naverwante tale en hulle kulture waarskynlik meer onverwagte bevindinge op as ten opsigte van ooglopend verskillende tale en kulture. Nederlands en Afrikaans is in hierdie opsig ’n gepaste ondersoeksterrein. Vir baie eeue lank is die taal- en kulturele verwantskap as so nou beleef dat vertaling van die een in die ander taal bykans ondenkbaar was. Dit het ondertussen verander.

Kulturele identiteit is een van die sleutelkwessies in sowel vertaalteorie as vertaalpraktyk. Dit staan waarskynlik in die middelpunt van ’n web waarvan die onderskeie drade ook na aspekte soos postkolonialisme, ideologie en politiek lei. Hierdie ‘web’ kan moontlik as ’n metafoor vir Even-Zohar se bekende konsep van ’n polisistiem dien.

Om vertaal te word, is om ’n nuwe of bykomende identiteit ryker te word. Min skrywers is egter vóór vertaling reeds so boeiend met betrekking tot identiteit – of liever, veelvuldige identiteite – as Breyten Breytenbach. Politiek en postkolonialisme is ook opmerklik aan sy persona én sy werk verbind, wat ’n potensieel boeiende ondersoek na vertalings van sy werk kan oplewer. In hierdie referaat sal daar op aspekte van Breytenbach se beeld/identiteit in die Nederlandse gefokus word, en op Nederlandse beskouings en/of vertalings van sy oeuvre deur Adriaan van Dis, Gerrit de Blaauw, Laurens Vankrevel, Robert Dorsman, en H.C. ten Berge.